Versoek om Aansoeke (Nr 18/2010) vir City of Joburg Property Company (Edms) Bpk se Paneel van Prokureurs

City of Joburg Property Company (Edms) Bpk, as 'n agent van die Stad Johannesburg se Metropolitaanse Munisipaliteit, rig hiermee 'n uitnodiging aan belanghebbende partye om aansoeke in te dien ten einde opgeneem te word in 'n PANEEL VAN PROKUREURS en om die City of Joburg Property Company (Edms) Bpk van professionele dienste te voorsien wanneer dit verlang word. Voorkeur sal gegee word aan Johannesburgse prokureursfirmas wat binne die jurisdiksie van Johannesburg praktiseer.

Die tenderdokumente sal vanaf **Maandag, 26 Julie 2010** teen 'n nieterugbetaalbare bedrag van R500,00 per dokument by die Kliëntedienssentrum van City of Joburg Property Company (Edms) Bpk, Negende Verdieping, Braamfontein-sentrum, Jorissenstraat 23, Braamfontein, Johannesburg beskikbaar wees.

Let asseblief daarop dat 'n nieverpligte inligtingsessie om **10:00 op Vrydag, 6 Augustus 2010** by die bogenoemde kantoor van City of Joburg Property Company (Edms) Bpk se hoofraadskamer, eiendomsontwikkelingsraadskamer sal plaasvind.

Verseëlde aansoeke, duidelik gemerk **"PANEEL VAN PROKUREURS"** moet gedurende kantoorure voor **12:00 op Vrydag, 20 Augustus 2010** in die tenderbus by die Kliëntedienssentrum van City of Joburg Property Company (Edms) Bpk geplaas word.

Let asseblief op die volgende:

a) Geen laat tender sal oorweeg word nie.
b) City of Joburg Property Company (Edms) Bpk behou die reg om geen aansoeke te aanvaar nie.
c) City of Joburg Property Company (Edms) Bpk behou die reg om enige tenderaansoek na sy goeddunke te onttrek.
d) Die uitslag sal op 'n latere datum bekendgemaak word.
e) Die 90/10-beginsel sal geld.

Kwalifiserende kriteria:

a) 'n Oorspronklike belastingklaringsertifikaat of vrystelling uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.
b) 'n Gewaarmerkte afskrif van bewys van registrasie (entiteit).
c) 'n Bygehoue rekening van munisipale belasting en dienste wat nie vir meer as 3 (drie) maande agterstallig is nie.
d) 'n Afskrif van die besluit wat volmag aan die ondertekenaar van die tenderdokument verleen (entiteit).
e) 'n Gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument van die persoon wat volmag verleen is om namens die maatskappy te onderteken.

Helen Botes
Managing Director
City of Joburg
Property Company (Pty) Ltd
PO Box 31565
Braamfontein 2017

Contact details:
Client Services Centre
Tel: 011 339-2700
Fax: 011 339-2727
www.jhbproperty.co.za

Joburg
a world class African city

JOBURG
PROPERTY COMPANY